Nuusbrief 205

5 Augustus 2016

Beste lede,

KENNISGEWING VAN 2d[e] RONDTE SAWPA-STREEKVERGADERINGS VIR 2016

Lede word hiermee in kennis gestel van die tweede SAWPA-streekvergaderings vir 2016 wat sal plaasvind op die datums en plekke soos hieronder aangedui. Lede wat 'n formele besprekingspunt tot die agenda wil voeg, moet die besprekingspunt aan ons stuur en ook aandui of dit tot streekverband of in nasionale belang is. Indien voorbereiding aan SAWPA se kant vereis word, moet u die nodige agtergrondinligting saam met die agendapunt stuur.

Streekvergadering tye en plekke

Suid-/Oos-Kaap	8 September 2016	Pampoenkraal Gebou, NNMU Saasveld Kampus, George
Wes-Kaap	9 September 2016	Bosbou en Houtkunde departement, Universiteit van Stellenbosch
Limpopo	12 September 2016	**Pietersburg Klub**, 119 Suid Str, Polokwane
Mpumalanga	14 September 2016	Forever Resort Hotel en Konferensiesentrum, Badplaas
KZN	16 September 2016	Victoria Buiteklub, Pietermaritzburg
Gauteng	19 September 2016	Shumba Valley Lodge – Pelindaba weg, Lanseria

Alle streekvergaderings begin 10:00.
Ligte verversings sal vooraf beskikbaar wees en middagete sal na afloop van die vergadering bedien word. Laat weet asseblief vir Sue by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za indien u beplan om die vergadering/s by te woon sodat ons voldoende reëlings kan tref.

KENNIS VAN SAWPA CHEMIESE FORUM, UITVOERNENDE KOMITEE EN ALGEMENE JAARVERGADERINGS

Lede word hiermee kennis gegee van die Algemene Jaarvergadering van die Assosiasie soos hieronder uiteengesit. Die Chemiese Forum sowel as die Uitvoerende komitee datums word ook aangedui.

Chemiese Forum	27 September	12:00	SAWPA Raadsaal, SAFCA gebou, 6 Hulley Rd, Isando
Uitvoerende komitee	28 September	9:00	SAWPA Raadsaal SAFCA gebou, 6 Hulley Rd, Isando
SAWPA AJV	28 September	13:00	SAFCA Raadsaal, 6 Hulley Rd, Isando

NUUSBROKKIES

- SAWPA stal op 11 en 12 Augustus by die Cape Construction Expo in Kaapstad uit. Dit vind by die CTICC plaas. Vir komplimentêre toegang kan u vooraf registreer deur die skakel op die aangehegte e-kaartjie te gebruik. (Gebruik asseblief hierdie VIP kode PM001).
- Komplimentêre kaartjies is ook beskikbaar vir die Interbuild-skou (Wood World) vanaf 17 tot 20 Augustus by Nasrec in JHB, waar SAWPA ook uitstal. Belangstellendes kan SAWPA kontak om die kaartjies te bekom.
- Bruce sal by beide die Cape Construction Expo en Interbuild 'n aanbieding tydens die werkswinkels lewer. Die aanbieding handel oor houtvernietigende faktore, duursaamheid en verduursaming, en is gemik op die bou-kontrakteurs en professionele persone in die boubedryf.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 Webtuiste: www.sawpa.co.za epos: sawpa@global.co.za